VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

26 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #8B

Geliefde Gemeente, ek groet u in Jesus Christus, terwille van Jesus Christus.

***Jes. 30:15 "Want so sê die Here HERE, die Heilige van Israel: In terugkeer en rus lê julle heil, in stil wees en vertroue bestaan julle krag."***

***1 Konings 19:1-18***
Hierdie gelese gedeelte, kan in drie hoofgedagtes ingedeel word***:***

**ELIA AFGESONDERD IN 'N GROT EN PASSIEF*:***

Elia – in sy vlug vir Isebél – word deur 'n Engel bedien, terwyl Hy onder 'n besembos lê. Hy het aan die slaap geraak en daar raak 'n Engel hom aan en sê vir hom: *"Staan op en eet"* – ***1 Kon. 19:5***.

Tydens die verskyning van 'n Engel, word brood en water aan hom voorsien. 'n Tweede opdrag van – **STAAN OP EN EET** – word tot hom gerig – ***1 Kon. 19:7***. Deur die krag van die voedsel kon hy vir 40 dae en 40 nagte loop, tot by die berg van God, Horeb. Hy het die nag in 'n spelonk oorgebly – ***1 Kon. 19:9 "die woord van die HERE het tot hom gekom en vir hom gesê: Wat maak jy hier, Elía?"***

Tydens hierdie tyd van inperking, bevind ons elkeen onsself, in 'n eie *"grot"*. Ons is afgesonderd, en te midde van die behoefte aan sosiale verkeer – veral ons Sondagmiddag-byeenkomste – bevind ons onsself in 'n situasie waar ons nie in beheer is nie: ons redeneer en het baie vrae, ons is self-gesentreerd en het nie perspektief nie. Ons maak aantygings en loop gevaar om hierdie tydperk van inperking logies te wil hanteer. Dit is by ons, amper tweede natuur, om 'n saak logies te hanteer. Tien teen een het ons baie redenasies, en by gebrek aan perspektief, is een van ons redes dalk die volgende: *"Ek het baie geywer vir die HERE"* – ***1 Kon. 19:10***. Daarom die vraag wat jy jouself afvra: Waarom is ek hier?

Na aanleiding van ook God se vraag: *"Wat maak jy hier?"* Blyk dit duidelik te wees, dat God se toelatende wil, Elia op 'n pad van *eensaamheid* gebring het, sodat sy visie verbreed kon word, wanneer hy nie meer 'n Isebél-oriëntasie hoef te ervaar nie, maar die perspektief herwin, dat God in beheer is. Selfs wat die negatiewe betref, is onder God se beheer: Elia se gedagtes rondom spesifieke tendense, moes vernuwe word.

Die noodsaaklikheid om jou nie met 'n situasie besig te hou nie, maar toe te laat en te besef, dat jou verhouding met Jesus Christus en met God, sal jou aktiveer tot dienswerk.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

**DIE WOORD VAN DIE HERE BEPAAL ELIA SE TOEKOMS**:

God se antwoord aan Elia vind ons in ***1 Kon. 19:15,16*** *"Maar die HERE sê vir hom: Gaan terug op jou pad na die woestyn van Damaskus, en gaan heen en salf Hásael as koning oor Aram."* ***Vers 16*** *"En Jehu, die seun van Nimsi, moet jy* ***salf as koning*** *oor Israel; en Elísa, die seun van Safat, uit Abel-Mehóla, moet jy* ***salf as profeet*** *in jou plek."*

Ons het nie 'n behoefte om deur politici gemanipuleer te word nie. Die leuen bind mense, die waarheid bevry mense.

Op ons horison verskyn nie 'n politikus, wie ons lewe en standaard rig nie. Op ons horison verskyn JESUS CHRISTUS, die Seun van God: Hy is my lig, die waarheid, en die lewe. Sy Gees rig my; in Sy lig sien ek die lig. Ons is geroep tot afsondering, deur God so bepaal en toegelaat: **GOD BEPAAL MY TOEKOMS.**

Kom ons **ontledig** onsself – ***Fil. 2:7***; kom ons beoordeel onsself; kom ons verneder ons onder die kragtige hand van die Here.

**DIE ELIA-GEMEENTE: GEAKTIVEER:**

God openbaar Homself aan ons. Ja, dit is 'n tydperk van beproewing en ons kan maklik ten prooi val, van selfsugtige denke en gemaksugtigheid. Ons gaan getoets word ten opsigte van finansies, oorgawe en geloofsgehoorsaamheid. Ek persoonlik, verwag God se rigting, God se salwing en selfs herlewing. Hierdie skrywe is bedoel: om almal wie hulle hand aan die ploeg geslaan het, op te roep om nie agtertoe te kyk nie. Nou is dit die tyd om God se stem te hoor, om vervul te word met die Heilige Gees en te vertrou, dat ons gebedslewe, in intensiteit en verootmoediging toeneem. Nou is dit die tyd om jou gebedsterapie, effektief te handhaaf.

Ek wil weer eens, by hierdie aansluiting u oproep tot perspektief: om te verstaan dat ***Luk. 1:17*** die "**ELIA-GEES**" geduplisieer moet word. Die "**ELIA-GEES"** moet in die leierskap van hierdie gemeente, geopenbaar word. Kom ons sien onsself, binne die konteks van ***1 Kon. 19***. Kom ons verstaan en gee onsself 'n nuwe fase in hierdie bediening. Ons grootse verskoning was altyd, ons het nie tyd nie. Wel, dit kan nie meer as verskoning aangevoer word nie.

Baie mense, in hierdie tyd handhaaf liggaamlike oefening; hardloop om die huis; en hul benut die inperking, en wend dit aan tot hulle voordeel.

Hierdie herdersbrief roep u op: Hoor by die Here, ontvang God se woord wat rigtinggewend is vir hierdie tyd. Interne dissipels, gee tog asseblief aandag aan julle voorgeskrewe boeke.

Daar is nog profete wat gesalf moet word; konings wat gesalf moet word; **LIG** wat bymekaar gemaak moet word.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335